November - Desember 2022

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 21, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov & Des 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Oom George en Kersfees

Dit is weer daardie tyd van die jaar en dit laat my dink aan my ateïstiese oom George. In ons boekie *Paasfees (Easter): Die storie wat nie vertel word nie* het ek melding gemaak van die verband tussen Paasfeesvierings en die verwerping van God. Ek het ook 'n storie oor oom George vertel wat die kersvakansie wat nou so naby is, eintlik behels.

Op 'n dag, na aan die einde van sy lewe, het my oom die onderwerp van Kersfees aangeroer. Omdat hy geweet het dat ek 'n Christelike leraar is en aangeneem het dat ek die mees stereotipiese "Christelike" fees van alle geleenthede vier, wou hy my 'n bietjie aanvat deur die onmiskenbare heidense oorsprong van die vakansie te verduidelik. Hy het verduidelik dat Jesus nié op 25 Desember gebore is nie en dat vierings op en rondom die wintersonstilstand al lank voor die Christendom plaasgevind het. Hy het die oorsprong van een gebruik na die ander gebruik verduidelik met betrekking tot die gebruik om valse gode soos Mithra te vereer, wat getoon het dat dit geassosieer word met die Romeinse vierings van "Saturnalia and the Calends". Hy het gewys op die skynheiligheid daarvan om die dag 'n Christelike vakansiedag te noem terwyl die oorsprong daarvan alles behalwe Bybels is.

Ek het aandagtig geluister totdat hy sy ongevraagde geskiedenisles afgehandel het en toe geantwoord: "Oom George, alles wat jy sê is waar". Ek het verduidelik dat hy nou so pas die redes opgenoem het waarom ek *nie* Kersfees vier nie en toe kyk ek hom in die oë en vra: "Oom George, vier *u* Kersfees?" Ek het reeds die antwoord geweet, maar ek erken dat ek dit geniet het om die bordjies te verhang en hom in 'n hoek te dryf – om dit so te stel. Hy het ongemaklik in sy stoel rondgeskuif en verduidelik dat hy verplig voel om geskenke aan mense te gee wat vir hóm geskenke gegee het. Die druk van die samelewing het blykbaar 'n kragtige invloed op hierdie uitgesproke ateïs uitgeoefen.

So hier sit ons toe – 'n Christelike leraar wat *nie* Kersfees vier nie en 'n ateïs wat dit wél vier!

By die *Wêreld van Môre* kyk ons na die Bybel as die onfeilbare Bron van Waarheid en dit gee rigting aan ons persoonlike lewens. Ons opdrag is om die wêreld te waarsku oor wat sal gebeur indien daardie waarheid verwerp word, asook om te wys dat daar waarlik hoop vir 'n beter wêreld *is* – maar slegs met die Wederkoms van die Messías, Jesus Christus van Násaret. Ten spyte van vandag se meedoënlose aanval op Bybelse waardes, sal ons voortgaan om die Waarheid aan u bekend te maak, soos dit duidelik in die bladsye van die Bybel geopenbaar word. Dit is wat lesers van die *Wêreld van Môre* tog sou verwag – maar let op dat ek gesê het "*sou*". Waarom dié voowaarde?

Die meeste lesers van hierdie tydskrif erken en stem saam dat die wêreld om ons in 'n gevaarlik en verkeerde rigting beweeg. Moraliteit is werklik op 'n ontstellende laagtepunt, baie nasies – indien nie almal nie – is erg verdeeld en selfs die natuurkragte het teen ons gedraai met verwoestende sneeustorms, hittegolwe, droogtes en bosbrande wat alle rekords oortref. Lank voor hierdie probleme het die belydende Christelike wêreld 'n verkeerde rigting ingeslaan wat die verwerping van God verder vererger het.

**Heidendom en misleiding**

My oom George is nie die enigste een wat skynheiligheid in die Christendom en die Kersfeesvierings raakgesien het nie. Christenskap het egter nie so begin nie. Daar was geen viering van Christus se verjaardag in die vroeë Kerk nie. Die *Encyclopædia Britannica* sê: "So laat as 245 n.C. verwerp Origenes in sy agtste preek oor Levítikus, selfs die idéé as sondig om die geboortedag van Christus te vier 'asof hy 'n koning Farao is'" (1911, volume 6, bl. 293).

Feitlik elke hoogaangeskrewe geskiedskrywer erken dat "die Christelike kerk baie heidense idees en beelde oorgeneem het".

Die viering van Christus se geboorte op die vyf-en-twintigste Desember, kom byvoorbeeld

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Oom George en Kersfees**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**"En vroue heers oor hulle"** 3
Die stryd teen mans en seuns is nog nooit so fel geveg soos vandag nie. Word jong manne se toekoms opgeoffer in die naam van moderne idees en vooruitgang?

**Mislukking: Springplank na sukses** 8
Niemand hou daarvan om te misluk nie. Die wyse waarop ons op mislukking reageer spreek egter boekdele oor ons karakter.

**Is Kersfees 'n heidense vakansiedag?** 11
Baie mense het al erken dat Kersfees nie 'n Christelike oorsprong het nie.

**O Kanada: Pandemiese afname in geboortes** 15

**AUKUS: bondgenootskap van broeders?.** 17
.

**GROEN BOME EN JESUS** 21
Watter god word werklik deur Kersfees geëer?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Die Mayflower: Die skip wat 'n ryk laat ontstaan het** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# "En vroue heers oor hulle"

## Deur Richard F. Ames

Wie sou kon raai dat 'n *YouTube*-video met die titel "*Do Schools Discriminate Against Boys*?" soos 'n veldbrand sou versprei en meer as 3,2 miljoen mense daarna sou kyk? Dit is onwaarskynlik dat *Tomorrow's World* se Kanadese streeksredakteur, Stuart Wachowicz, sou kon weet hoe suksesvol sy ses-minuut *Viewpoint*-video sou wees. Niemand van ons sou ook kon raai dat die oorweldigende aantal reaksies daarop van jong mans en seuns sou kom nie. Baie van hulle is nog op hoërskool waar hulle diskriminasie in hulle eie opvoedkundige instellings ervaar het.

Sommige reaksies kan dalk toegeskryf word aan verskonings en bitterheid as gevolg van persoonlike mislukkings, maar is daar dalk meer aan verbonde as suur druiwe? Om ander mense vir 'n mens se tekortkominge te blameer is maklik, maar dit is net so maklik en net so dwaas om te aanvaar dat alle klagtes in hierdie kategorie val. Terwyl die oorlog teen mans en seuns al dekades lank aan die gang is, was dit nog nooit so opvallend soos dit vandag is nie – jong mans in die Verenigde State, Kanada en elders in die Westerse wêreld besef dit wanneer teen hulle gediskrimineer word.

**'n Oneerlike verslag**

Sommige mense onthou dalk nog die 1992-verslag wat deur die Amerikaanse Vereniging van Universiteitsvroue (AAUW) vrygestel is, met die titel "*How Schools Shortchange Girls*". Dit het bewerings bevat dat seuns in die klaskamer bevoordeel word terwyl meisies buite rekening gelaat en geïgnoreer word. Dit is egter later bewys dat die verslag bevooroordeeld en bedrieglik was.

Die bevinding wat die meeste versprei is, was dat onderwysers die seuns agt keer meer toelaat om te praat of deel te neem as vir meisies, maar soos met die res van die gevolgtrekkings, was dit pure nonsens. Hulle data was gebaseer op 'n ou 1981-studie wat eintlik gesê het dat seuns agt keer meer as meisies berispe word en dat driekwart van die meisies en seuns gesê het hulle dink onderwysers komplimenteer meisies meer gereeld, dink hulle is slimmer en wil eerder tussen vroulike studente wees. Daardie vlak van verdraaiing was duidelik regdeur die AAUW-verslag (James Dobson, *Bringing Up Boys*, 2001, bl. 172).

Die verslag het groot aandag in akademiese kringe en die media geniet en het dramatiese veranderings meegebring in hoe skole die twee geslagte benader het. "Hoewel die verslag nou wyd in die professionele gemeenskap gediskrediteer is vir wat dit was – 'n blatante poging om opvoedkundige hulpbronne van seuns te weerhou en om meisies as slagoffers voor te hou – is die skade gedoen. Dit het gelei tot 'n onregverdige verdeling van beskikbare hulpbronne wat tot vandag toe voortduur" (bl. 172). Die skadelikste was toe die Verenigde State se Kongres, wat steun van verskeie vroue-organisasies wou werf, die "Geslagsgelykheid in Onderwyswet goedgekeur het. Dit het honderde miljoene dollars per jaar toegeken aan programme wat ontwerp was om die [sogenaamde] vooroordeel teen meisies reg te stel". Daar was bykomend tot die wet, geld begroot om onderwysers wat "onbewustelik seksisties" was te "herprogrammeer" (bl. 173).

**Veertig jaar later**

So waar is ons vandag? Hierdie neiging ten gunste van meisies in die onderwys, wat op die vroegste vlakke begin, het sy uitwerking gehad. Op 6 September 2021 het *The Wall Street Journal* 'n meningsopname deur Douglas Belkin gepubliseer met die titel "*A Generation of American Men Give Up on College: I Just Feel Lost*". Die

syfers is kommerwekkend. Ongeveer 60 persent van kollegetoelatings is vroue en skole vir hoër onderwys sukkel om die manlike bevolking op die 40 persent-vlak te hou. 'n Professor in politieke wetenskap, Samuel Goldman, wys in 'n ander meningsopname daarop dat die verhouding in getalle tussen mans en vroue selfs erger sou gewees het as daar nie 'n bietjie knoeiery oor toelatingsvereistes was nie.

> Die toenemende geslagsgaping is 'n ope geheim in hoër onderwys. Met geen van die ophef wat gepaard gaan met hulle strewe na rassediversiteit nie, gee baie instellings 'n toelatingsvoordeel aan mans. Een rede hiervoor is dat administrateurs vrees dat vroue ook minder geneig is om in te skryf wanneer die manlike studentegetalle tot onder 40 persent daal ("*The American elite will be female*," *The Week*, 8 September 2021).

Dit is slegs deel van die verontrustende prentjie. Om universiteit toe te gaan is een ding – om te gradueer is iets anders. "Onder die Universiteit van Vermont se voorgraadse studente behaal ongeveer 55% van manlike studente hulle graad binne vier jaar in vergelyking met 70% van vroue" (*The Wall Street Journal*). Om te illustreer hoe betekenisvol dit is: Indien die Universiteit van Vermont 'n tipiese inskrywingsverdeling van 60/40 het, sal 42 vroue uit elke 100 studente binne vier jaar gradueer, maar net 22 mans! Dit behoort 'n wekroep te wees – maar is dit?

Sommige mense mag dalk sê – *wat daarvan*?, terwyl hulle argumenteer dat mans steeds meer geld verdien en die magsposisies in hierdie wêreld beklee. Goldman wys egter daarop dat dit "grootliks 'n generasie-effek" is. Hy verduidelik dat leiers vandag op alle terreine, hetsy in die nywerheid, handel, kommunikasie of die regering, "hulle loopbane dekades gelede begin het, toe kollege studenteverenigings meer gelykop verdeel was (en in sommige gevalle uitsluitlik manlik was). Dit sal verbasend wees indien die geslagsverhouding in die hoër bestuursgroep oor nog 20 jaar dieselfde gebly het". Goldman verduidelik verder, wat vir almal voor die hand liggend behoort te wees. "Omdat elite-instellings byna uitsluitlik kollege-gegradueerdes aanstel, is kampusse die vertrekpunt vir vroulike oorheersing in die uitgewersbedryf, die kultuurbedryf en areas van die korporatiewe wêreld – veral die massiewe bedryf van menslike hulpbronne."

Die dubbele standaard strek verder as onderwys. Vir dekades lank het vroue probeer om feitlik elke gebied binne te dring wat voorheen vir mans gereserveer was. Vroulike verslaggewers het gelyke toegang tot mans se kleedkamers geëis om spelers te ondervra en jong vroue het daarna gestreef om in seuns se bofbalspanne te speel. Enigiets wat hoofsaaklik manlik was, het 'n teiken geword – maar kan mens jou ooit voorstel dat mans in vroue se kleedkamers toegelaat word of in vrouesport meeding?

Wel, nou kan ons. Optredes het inderdaad gevolg; deur 'n bisarre ompadroete, val mans en seuns vandag alles wat vroulik is binne – bloot deur te beweer dat hulle vrouens is wat in manlike liggame vasgevang is. Meisies en vroue word opsy geskuif aangesien hierdie opportunistiese of verwarde mans een rekord ná die ander in vroulike baan- en veld-items verbeter asook in gewigstootbyeenkomste. Beurse wat na regte na meisies behoort te gaan, word aan biologiese seuns toegeken wat *nooit* biologiese meisies kan word nie. Ek kan my net indink watter woede ouers moet voel wanneer hulle sien hoe hulle dogters op hierdie manier beroof word.

Daar is tog 'n ander kinkel aan die sage van meisies wat alles wat manlik is wil binnedring. In Oktober 2017 het die *Boy Scouts* van Amerika besluit om meisies by hulle organisasie te laat aansluit. In 2019 is dit in al die organisasie se programme geïmplementeer. Dit is dus nie verbasend nie dat diegene wat die meeste as gevolg van hierdie wending ontsteld was, die *Girl Scouts* was!

Die probleem is nie dat spesiale programme die meisies in akademie, sport en leierskap

aangemoedig het nie, maar dat sulke hulpbronne oorwegend in een rigting gaan. Net soos meisies spesiale behoeftes het, het seuns dit ook – van wie te veel van hulle sonder behoorlike ondersteuning en motivering, rigtingloos raak en verlore voel. Dit is duidelik opmerkbaar in so baie seuns wat ná hoërskool nie weet wat om volgende te doen nie. Seuns het leiding en fokus broodnodig. *The Wall Street Journal* berig: "Sosiale wetenskaplike navorsers voer aan dat afleidings en struikelblokke vir onderwys meer druk plaas op seuns en jong mans, met inbegrip van videospeletjies, pornografie, toenemende vaderloosheid en gevalle van oordiagnosering van verwante medikasie as gevolg van onrustigheid by seuns". Soos die siviele ingenieurswese-student Luke Weiss dit stel: "Ek sien baie ouens wat vir vier jaar hier is om bier te drink, dagga te rook, te kuier en 'n graad te kry".

Wat ons sien is 'n wêreld wat onderstebo gekeer is. In plaas daarvan dat mans leiers word, sien ons baie van hulle doelloos ronddwaal namate meer leiersposisies aan vroue toegeken word. Sommige vroue verheug hulle ongetwyfeld in hierdie ommekeer. Bedagsame vroue soos die kollege-inskrywingskonsultant Jennifer Delahunty, verstaan dat hierdie toedrag van sake niks goeds vir die samelewing as geheel inhou nie. *The Wall Street Journal* het hierdie diepgaande insig van Delahunty gedeel: "Daar is te veel op die spel om geïgnoreer te word. Indien 'n mens eerstens omgee vir ons samelewing en tweedens, indien 'n mens vir vroue omgee, behoort mens ook vir die seuns om te gee. Indien 'n mens dieselfde aantal mans en vrouens met dieselfde vlak van opleiding het, lei dit net na 'n beter samelewing en dit maak dinge beter vir vroue".

**Die hoofoorsaak**

Niks hiervan behoort ons te verbaas nie, aangesien die wêreld verder verwyderd raak van sy Skepper en Sy Instruksieboek vir die mensdom. Indien ons wel 'n produk van skepping en ontwerp is, moet die Skepper en Ontwerper immers weet wat die beste vir diegene is wat Hy geskep en ontwerp het. Inderdaad, Hy weet dit!

Die profeet Jesaja het God se waarskuwing aan ons gegee dat 'n ommekeer van tradisionele geslagsrolle in die eindtyd sou plaasvind: "Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak" (Jesaja 3:12). Die onmiddellike profesie was vir die "huis van Juda" in die agtste eeu v.C., maar Jesaja se profesieë is tweeledig. Dit is ook van toepassing op die eindtyd, soos ons sien wanneer Jesaja 2:2-4 die profesie definieer wat geld vir "die einde van die dae". Jesaja se profesieë is ook van toepassing op Juda se broers in die "huis van Jakob" (verse 5-6), ook bekend as die "huis van Israel", aangesien Jakob se naam na Israel verander is (Génesis 32:28). Die tien stamme van die huis van Israel en die huis van Juda is twee afsonderlike nasies wat selfs in oorlog met mekaar was. Om meer oor hierdie wonderlike waarheid te wete te kom, bestel ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.*

Professor Goldman se voorspelling dat "die Amerikaanse elite vroulik sal wees" is korrek en Jesaja het hom met meer as 2,700 jaar "voorgespring"! Dit was natuurlik nie Jesaja nie, maar ons Skepper wat hom geïnspireer het om dit vooraf te verstaan. In 'n later gedeelte haal Jesaja vir God aan wat sê: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10).

**God weet die beste**

Manlike en vroulike verhoudings was nog nooit in perfekte balans nie. Inteendeel. Selfs vandag word vroue in sommige lande regoor die wêreld gruwelik mishandel. In sommige kulture word meisies nie toegelaat om skool toe te gaan nie en vrouens mag genadeloos geslaan word sonder enige gevolge vir hulle eggenotes. Daar word egter in die Westerse wêreld 'n ander uiterste praktyk bevorder en aangeneem, waarin mans behandel word as onbeholpe

dwase wat nie in staat is om die leierskaprol te vervul wat deur hulle Skepper aan hulle gegee is nie.

Radikale feministe, van wie baie mannehaters en lesbiërs is – dalk as gevolg van mishandeling of ander traumas in hulle eie lewens – ontken die Godgegewe rolle van mans en vrouens. Te veel mans word nie opgelei om die liefdevolle voorsieners en beskermende leiers te wees waarvoor hulle geskape is nie. Die Bybel sit hierdie eenvoudige feite uiteen: "Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. Daarom moet die vrou 'n *aanduiding van* gesag op die hoof hê ter wille van die engele. En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God" (1 Korinthiërs 11:8-12).

Vir enigiemand wat nie bevooroordeeld is nie, is dit duidelik dat mans en vrouens fisies en psigologies verskil, maar hierdie verskille word dikwels gering geag. Vandag se media beeld dikwels vir ons die vrou uit wat tot die redding van die man kom. Sou dit nodig wees om 'n buiteband van 'n motor te vervang? Die vrou kom tot die redding. Is daar 'n probleem met die besigheid? Die vrou is beskikbaar. Wanneer stadsboewe iemand aanval? Daar is sy weer – 'n wonder in gevegskuns wat sterker en vinniger as enige man is. Is dit egter die realiteit? Ek dink ons ken die antwoord.

Mans en vrouens is gemaak om mekaar aan te vul, nie om met mekaar mee te ding nie. Mans is fisies ontwerp om beskermers en voorsieners te wees. Dit is nie dat 'n vrou nie kan voorsien nie – om die waarheid te sê, dit sal dalk nodig wees in spesifieke situasies, soos wanneer haar man 'n siekte of besering opdoen. Dit mag nodig wees om rolle tydelik – of selfs permanent – om te ruil en daar is geen stigma aan verbonde nie. 'n Man kan steeds die doeltreffende hoof van sy huishouding in sulke situasies wees. Wanneer mans hulle egter *nie voorberei* vir hulle regmatige plek om die broodwinner te wees nie en dit aan die vrou oorgelaat word om in die arbeidswêreld uit te gaan, ontstaan daar maklik probleme. 'n Vrou het veral nodig om liefgehê te word en 'n man het veral nodig om gerespekteer te word en hierdie behoeftes sal meer waarskynlik onbevredig gelaat word wanneer die rolle omgeruil word of vervaag.

God beveel: "VROUE wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here" in plaas daarvan om oor die posisie van leierskap in die gesin te baklei. "Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het" (Efésiërs 5:22-25).

**Waarom manlik en vroulik**

Radikale feministe minag lank reeds sulke gedeeltes as "seksisties" – sonder om te verstaan dat God se plan waarde heg aan mans en vrouens, tot so 'n mate dat hulle dit nie vir hulleself kan voorstel nie. Met verwysing na die huweliksverbond gaan Paulus voort om te sê: "Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig" (Efésiërs 5:31-33).

Die eenheid tussen 'n man en sy vrou in die huwelik is noodsaaklik vir 'n goed geordende samelewing. Die geskiedenis toon dat net soos dit met die gesin gaan, so gaan dit met die nasie. 'n Huwelik tussen een biologiese man en een biologiese vrou kan kinders in 'n gebalanseerde, koesterende en liefdevolle omgewing voortbring waartoe manlik én vroulik unieke eienskappe bydra. Die gesin is 'n volmaakte opleidingsterrein vir die aanleer van goeie maniere, omgee vir ander, selfdissipline en selfopoffering. Ons weet dat gesinne dalk nie volmaak aan hierdie ideaal voldoen nie, maar dit verander nie die feit dat die

huwelik soos God dit bedoel het, die beste manier is om die mensdom te laat voortbestaan nie.

Is dit egter bloot die doel van die lewe om die menslike ras voort te plant? Glad nie. Die Bybel openbaar dat God besig is om Sy *eie* Gesin te bou waarin mense gebore kan word. Die apostel Paulus het koning Dawid se vraag aangehaal: "Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind dat U hom besoek?" (Hebreërs 2:6). Met ander woorde, wat *is* die doel van die lewe? Waarom is ons hier? Is ons bloot ontwikkelde diere met geen doel en geen hoop ná ons kort lewensduur op hierdie afgeleë planeet nie?

Paulus gaan voort en haal aan uit Psalm 8: "U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel" (Hebreërs 2:7-8). Dan voeg hy by in vers 8: "Want in die onderwerping van alle dinge aan hom, het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie". Waarom sulke gesag en verantwoordelikheid?

Paulus verduidelik dan waarom Jesus gekom het en die einddoel wat Hy beplan het om te bewerkstellig:

> "[M]aar ons sien Hom, *naamlik* Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak. Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie" (Hebreërs 2:9-11).

Nêrens is hierdie waarheid duideliker as in Romeine 8:14-17 nie:

> "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."

Lees dit stadig en oordink die volle betekenis daarvan!

Die onderskeid tussen man en vrou is nie toevallig nie. God het ons geskep met 'n grootse doel voor oë. Die menslike huwelik beeld die huwelik tussen Jesus en Sy Kerk uit, met Sy heiliges wat gesamentlik die "bruid van Christus" sal word as 'n helper vir hulle Man. "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Efésiërs 5:32; vergelyk Openbaring 19:6-9). Diegene wat hoop om as seuns en dogters in God se Gesin opgewek te word (2 Korinthiërs 6:16-18), het nodig om God se doel vir die man en vrou in hierdie lewe te verstaan.

Manne en vroue behoort mekaar op te bou, nie mekaar af te breek nie. Elkeen het 'n rol om te vevul in God se groot doel vir die mensdom. Daar is 'n geestelike wese wat alles in sy vermoë doen om die gesinstruktuur wat God ontwerp het, te ontwrig en om te keer (Efésiërs 2:2; 2 Korinthiërs 4:3-4). Wanneer seuns sonder behoorlike leiding en rigting gelaat word, raak hulle verward oor wat hulle manlike rol in die lewe is – die rol van 'n liefdevolle leier. Dit maak nie net manne seer nie; dit maak vroue ook seer. Trouens, dit maak die hele samelewing seer.

Om meer oor hierdie onderwerp te wete te kom, kontak u naaste streekkantoor (sien lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan na ons webwerf by *wvm.co.za* en lees of bestel ons gratis boekies *Wat is die doel van die lewe?* en *Bou 'n vreugdevolle huwelik.* WvM

# Mislukking: Springplank na sukses!

## Deur Rod McNair

Terwyl ek op die basketbalbaan afgehardloop het, het ek gevoel hoe my voete verstrengel raak en ek begin val. Dit het gelyk of die beton wat met los stukkies gruis en grond besaai was, oplig om my tegemoet te kom. Vir 'n oomblik het dit gelyk asof die tyd stadiger raak terwyl ander spelers eenkant toe geswenk het.

Ek het my gereed gemaak vir die onvermydelike buiklanding en toe skielik, binne 'n oomblik, onthou ek die afrigter se waarskuwende woorde in so 'n geval: "Trek inmekaar en rol!" Hy het ons geleer om nie 'n val te probeer vermy nie, maar net die elmboog en skouer in te "trek" en daardeur te rol.

Ek het die afrigter se raad gevolg en deur die val gerol. Ek was verras deur hoe vinnig ek regop en terug op my voete was. Ek het myself van 'n lelike skaafplek gered en het lelike snye aan my arms en elmboë vermy as gevolg van die gruis. Ek het dalk 'n gebreekte polsgewrig verhoed. Dit was 'n baie goeie les; daar is 'n "regte" manier om te val en 'n "verkeerde" manier. Die regte manier red 'n mens van onnodige snye, kneusplekke en selfs ernstige beserings.

Volgens *Merriam-Webster.com*, kom die woord "mislukking" van 'n oorspronklike Franse stamwoord wat beteken "om te val". Dit verwys na 'n wegating van 'n gebeurtenis of prestasie, 'n gebrek aan sukses of om tekort te skiet. Van tyd tot tyd misluk ons almal; elkeen wat 'n menslike lewe leef, kom te staan voor terugslae en teleurstellings. Diegene wat dit nog nie beleef het nie, kan seker wees dat hulle uiteindelik *sal* misluk of val of iets!

Hoe reageer ons dan wanneer mislukking plaasvind? Raak ons moedeloos of staan ons op en probeer weer? Wanneer ons vind dat ons keer op keer struikel, kan dit te maklik wees om toe te laat dat die lewe se terugslae ons gees vermorsel. Gelukkig openbaar u Bybel hoe Christene eerder die mislukking gebruik as 'n wegspringplank na sukses!

**Leer uit foute**

Enigiemand wat enigiets probeer, sál foute maak. Dit is deel van die leerproses. Die bekende Amerikaanse basketbalspeler Michael Jordan het na bewering gesê: "Ek het meer as 9,000 doelskoppe in my loopbaan gemis. Ek het amper 300 wedstryde verloor. Daar was 26 keer op my staatgemaak om die wedstryd se wendoel aan te teken en het ek dit gemis. Ek het keer op keer in my lewe gefaal. Dit is waarom ek sukses behaal het" (*Nike Culture: The Sign of the Swoosh, 1998,* bl. 49).

Politieke en militêre leiers het ook die belangrikheid daarvan ingesien om mislukking met 'n positiewe gesindheid te benader. Die Britse premier Winston Churchill, het eenkeer gesê: "Sukses bestaan daaruit om van een mislukking na die ander mislukking te gaan sonder om entoesiasme te verloor". Die Amerikaanse Generaal George S. Patton, was bekend daarvoor dat hy gesê het dat sukses nie gemeet word aan wat jy op die hoogtepunt doen nie; dit is "hoe hoog jy terugspring wanneer jy die laagtepunt tref!"

God wil hê dat ons dieselfde gesindheid sal hê. Hy stel ons nie altyd vry van die gevolge van ons foute nie – maar Hy leer ons *wel* om probleme positief te hanteer. Hoe kan ons seker maak dat beproewings ons nie vernietig nie? Hoe kan ons mislukking 'n wegspringplek na sukses maak?

**Kies 'n wyse besluit**

Elke keer wanneer ons val en 'n fout maak, moet ons 'n besluit neem. Ons word gedwing om te kies hoe ons sal reageer. Ongeag of terugslae klein of groot, onbeduidend of lewensveranderend is, ons het 'n keuse watter pad ons wil volg.

In die bittere ure nadat hy Christus verloën het, het die apostel Petrus diep nagedink. Dit het 'n kritieke tydstip in sy lewe geword. Terwyl hy van aangesig tot aangesig voor sy eie menslike swakheid te staan gekom het, was hy geskok om te ontdek hoe kwesbaar en bang hy kon wees. Hierdie sterk dosis werklikheid het hom tot in sy wese geskok. Petrus het egter

die regte keuse gemaak en ons lees vandag daarvan in die Bybel. Generasies is geïnspireer deur te lees hoe Petrus herstel het van 'n onuitspreeklike terugslag om 'n kragtige instrument in die Kerk van God te wees. In die woorde van die apostel Paulus, was hy "bedroef volgens *die wil van* God ... Want die droefheid volgens *die wil van* God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood" (2 Korinthiërs 7:9-10).

Petrus se keuse het hom gelei tot diepe bekering, kragtige ywer en 'n sterk begeerte om sy menslike swakhede te oorkom (vers 11). Dit het God in staat gestel om hom as 'n dinamiese leier in die jong Kerk te gebruik en sy lewe vir altyd te verander. Wat kan ons van Petrus se voorbeeld leer terwyl ons beproewings en probleme in die lewe ondervind? Hoe kan ons leer om met groter sukses terug te spring?

**Probleme is normaal en hanteerbaar**

Voor Sy dood het Jesus Christus 'n paar kragtige en bemoedigende instruksies gegee wat die Apostels deur hulle hele lewe sou inspireer. Nadat Hy voorspel het dat hulle almal Hom sou verlaat, het Hy ook gesê: "Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is. Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê" (Johannes 16:32-33).

Die Bybel toon dat probleme deel van die lewe is – selfs vir diegene wat daarna streef om God te gehoorsaam. Sommige probleme bring ons oor onsself. Sommige daarvan word veroorsaak deur ons eie swak-heid of trots of selfs ons eie dwaasheid – maar soms behels probleme wel omstandighede buite ons beheer. Ons sal *altyd* probleme in hierdie lewe hê.

Dieselfde Petrus wat Christus verloën het, het ook jare later geskryf: "Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed *van vervolging* onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel" (1 Petrus 4:12-13). Hoeveel keer raak ons egter verward omdat slegte dinge gebeur? Hoe dikwels dink ons: *Dit is nie veronderstel om met my te gebeur nie?*

Jesus het vir ons gesê om nie moedeloos te wees wanneer ons terugslae ondervind nie. "Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie ... maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:1, 33). Om te erken dat ons probleme het, neem dit nie weg nie. Dit help ons egter om dit te hanteer in plaas daarvan om dit te ontken of daarvan af weg te hardloop. Indien ons nie ons probleme vierkantig en moedig in die oë kyk nie, kan dit nuwe, onverwante probleme veroorsaak. Frustrasie vreet ons geloof stadig weg. Om van ons probleme af weg te hardloop, laat hulle nie verdwyn nie, maar om dit te erken en ons foute te bely (1 Johannes 1:9) is die eerste stap om suksesvol terug te spring.

Tydens Sy laaste gesprek met Sy dissipels het Jesus verduidelik waarom Christene probleme ondervind: "Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra" (Johannes 15:1-2). God is in die proses om Sy mense te help om te *groei* en groei beteken soms om beskadigde of onproduktiewe takke in ons lewe weg te sny. Daarom ondervind ons soms pyn en probleme.

Moet egter nie "snoei" met verwerping verwar nie. Enigiemand wat vrugtebome aanplant, ken die vreugde daarvan om dit elke jaar te plant en daarmee te werk. Dit is opwindend om dit gesond en sterk te sien terwyl dit goeie vrugte oplewer. Moenie aanneem, net omdat God toelaat dat u emosionele, geestelike of fisiese pyn ly, Hy u in die steek gelaat het nie! In werklikheid sal God *niemand* verwerp wat werklik deur Hom oorwin is en aan Hom onderworpe is nie. Hy laat ons toe om te ly as deel van ons groei-proses en Hy beloof ons die hulp wat ons nodig het.

**Ons het hulp**

Gedurende die laaste nag van Sy menslike lewe het Jesus Christus Sy dissipels bemoedig deur vir hulle te sê dat hulle nooit alleen sou wees nie. Selfs nadat Hy hulle verlaat het, sou Hy Sy Gees stuur om hulle te lei en te help. Hy het gesê: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid" (Johannes 14:16).

Die Heilige Gees, die ware krag van God, sou die werktuig

wees waardeur God en Christus in die dissipels sou leef. Jesus het verder beskryf: "... die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom *weer* na julle toe" (Johannes 14:17-18).

Die Heilige Gees sou kom en daardeur sal Christus letterlik Sy lewe in Sy ware volgelinge leef (Galásiërs 2:20). Jesus het beloof dat Sy Heilige Gees gestuur sal word – soos dit op Pinksterdag gebeur het – om Sy teenwoor-digheid in hulle te wees. Hy het beloof dat hierdie Gees hulle "alles sal leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Johannes 14:26). Die dissipels sou alles wat Jesus hulle tydens Sy bediening geleer het, met begrip kon onthou. Die Heilige Gees sou hulle "in die hele waarheid" lei (Johannes 16:13).

Indien ons waarlik na God soek en tot Hom roep vir Sy begrip, sal Hy dit ook vir ons gee. Let op wat Christus ook vroeër in Sy bediening gesê het: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Lukas 11:13).

Petrus het die belofte van die Gees onthou en dit het hom bemoedig gedurende die moeilikste dae van sy lewe. Nadat die Heilige Gees gestuur is, het God vir Petrus kragtig gebruik as leier onder die dissipels op Pinksterdag (Handelinge 2). Wanneer ons struikel en probleme ondervind, is dit nodig dat ons onthou dat God ons *kan* help. Wanneer ons na ons Vader uitroep in nederige gehoorsaamheid aan Hom en gewillig is om ons eie wil te laat vaar vir Sy wil, sál Hy ons lei. Indien ons waarlik berouvol en gehoorsaam is, sal Hy Sy Gees in ons plaas (Handelinge 2:38; 5:32).

**Fokus op u toekoms**

Wanneer ons struikel, foute maak of ly as gevolg van probleme, wil God dan hê dat ons ons skaam en soos mislukkings voel? Wil Hy hê ons moet wegsluip in selfbejammering? Nee – Hy wil hê dat ons op die toekoms fokus. Hy begeer dat ons die grootse potensiaal sal erken wat Hy aan diegene gee wat gewillig is om hulle aan Sy wil en Gees te onderwerp.

Wat is daardie potensiaal? Kort voor Sy dood het Jesus vir Sy dissipels van Sy toekomstige Koninkryk vertel. Deur dit te doen, verwys Hy nie na iets abstrak "in ons harte" nie en ook nie 'n organisasie van vleeslike mense wat om wêreldse mag meeding nie. Hy voorspel eerder die vestiging van 'n *letterlike* Koninkryk op aarde.

Hy het verder gesê: "LAAT julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei" (Johannes 14:1-2).

Sommige mense glo verkeerdelik dat Christus se verwysing na "wonings" iets te doen het met hemel toe gaan. Trouens, Jesus het beskryf dat elkeen 'n plek in die "huishouding" of Koninkryk van God sou hê wanneer Hy terugkeer. Dit kom voor asof daardie "wonings" na die heiliges verwys wat verantwoordelike posisies in Sy Regering sal vervul (Lukas 19:17).

Dit is wat in Jesus se gedagtes was gedurende die laaste nag voor Sy kruisiging. Dink daaroor – in feitlik dieselfde asem waarmee Hy vir Petrus gesê het dat hy Hom sou verloën, het Hy omgedraai om die dissipels van hulle inspirerende bestemming te vertel, terwyl hy oor die *positiewe* toekoms praat. Hy het nie net gefokus op die lyding wat Hy sou verduur of op die wanhoop wat hulle sou ervaar met Sy vertrek nie. In plaas daarvan fokus Hy op die bemoedigende toekomsblik van wat sal kom. Hy het hulle oë gevestig op Sy Koninkryk en die rol wat Hy wil hê hulle moet speel wanneer dit op die planeet Aarde gevestig sou word.

Jesus het aan Sy dissipels gesê: "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies" (Johannes 15:16). Hy het daardie roeping uitgebrei na diegene wat nog nie gebore is nie, wat deur die Vader geroep sou word deur die Apostels se getuienis (Johannes 17:20). 'n Roeping van God in Sy waarheid en Sy Kerk is werklik 'n ontsagwekkende geleentheid. God het groot planne vir ons en dit sal tot vervulling kom indien ons bereid is om ons aan Sy heerskappy in ons lewens te onderwerp wanneer ons die doel van probleme verstaan en groei deur God se eie teregwysing en snoeiproses en Hom vra om ons te bemagtig deur Sy Heilige Gees.

Ons sal foute maak. Ons sal struikel en ly in die lewe. Ons sal probleme hê solank ons in die vlees is. God sê egter vir ons om ons beproewings en moeilikhede positief te benader. Op die ou einde is dit nie die terugslae waaroor Hy die meeste besorg is nie; dit is hoe goed ons terugspring! WvM

# Is Kersfees ’n heidense vakansiedag?

## Deur Wallace G. Smith

***Baie mense het al erken dat Kersfees nie 'n Christelike oorsprong het nie. Bitter min van hulle is egter bereid om na te dink daaroor wat die implikasies daarvan is om 'n onchristelike vakansiedag in die Naam van Christus te vier nie.***
***Baie mense het al die vraag gevra, maar min van hulle stel werklik belang in die antwoord ...***

Honderde miljoene mense regoor die wêreld beskou Kersfees as een van die heiligste dae – 'n tyd wanneer hulle die geboorte van Jesus Christus, die beloofde Verlosser van die wêreld, gedenk. Baie mense woon in Desember godsdienstige geleenthede by waar hulle na gewilde vertellings luister en herinner word aan die geboorte van Jesus wat hulle op Kersdag vier.

Inderdaad, baie van ons het aangename herinnerings wat verband hou met die Kersseisoen. Ons stede en selfs individuele huise word dikwels versier om aan die vakansieseisoen te herinner te word – soos Kersbome wat met silwer en goud versier is, asook takkies of kranse van steekpalm – alles terwyl daar in hulle huise Joelblokke gebrand word en almal warm hou teen die koue weer daar buite, ten minste in die Noordelike Halfrond.

Baie mense het geskenke gekoop of gemaak om vir hulle vriende en familielede te gee, wat soms lang afstande sal reis om net vir 'n paar aande te herenig, Kersete saam te geniet, geskenke uit te ruil en vrolik te wees. Baie mense sal 'n soentjie van iemand steel wat onder 'n takkie mistel staan. Die vorige aand sal daar aan die kinders vertel word dat Kersvader of “St. Nick” hulle geskenke van die Noordpool af vir hulle bring, terwyl die grootmense vir mekaar knipoog. In die oggend sal kinders dit geniet om hulle geskenke oop te maak om te sien wat “Kersvader” vir hulle gebring het. Sommige gesinne sal godsdienstige byeenkomste bywoon om 'n boodskap te hoor wat verband hou met Jesus se geboorte.

Dit is ook vir baie mense 'n *spanningsvolle* tyd van die jaar. Gesinsbyeenkomste kan 'n bron van spanning word – nie vreugde nie. Om geskenke te koop kan na 'n lastige taak of verpligting lyk – veral wanneer die kredietkaartrekening die skade van ons pogings tot vrolikheid openbaar. Baie mense betreur die geldverkwisting wat so baie van die Kersseisoen oorheers en voel dit verdring wat hulle glo die “regte” betekenis van Kersfees is – dat God Sy Seun gestuur het om die Verlosser van die mensdom te wees. Ten spyte hiervan, troos die meeste mense wat hulleself “Christene” noem, hulleself dikwels met positiewe gevoelens en herinnerings wat hulle met Kersfees assosieer.

Op die ou einde is te veel mense nie bereid om die waarheid in die oë te kyk en te ondersoek of Kersfees wel *onchristelik* is nie. Is dit eintlik 'n heidense vakansiedag? Ons weet dat baie godsdienste hulle vreugdevolle geleenthede met familie, musiek, sang en tradisie het. Sal ons dus die moed hê om eerlik na ons eie gekoesterde seisoen te kyk? Jesus het ons geleer om “eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid te soek” (Matthéüs 6:33). Dit is waar, selfs wanneer ons soektog ons by moeilike gevolgtrekkings bring – Christenskap is immers nie vir lafaards nie.

**Waarheid maak saak**

Wanneer ons na die waarheid soek met 'n oop gemoed, moet ons erken dat selfs ons aangenaamste herinnerings nie ónwaarheid in wáárheid kan verander nie en die waarheid is belangrik.

Johannes 4 vertel 'n bekende weergawe van Jesus se gesprek met 'n Samaritaanse vrou by Jakob se put. Sy het met Hom gepraat oor die Samaritane se tradisies oor die aanbidding

van die God van die Bybel – tradisies wat verskil het van die opdragte wat God in die Bybel gee oor hoe Hy aanbid wil word. Hulle dade van opregte toewyding was gebaseer op valshede en halwe waarhede. Wat het Jesus hiervan gesê? Het Hy gesê: “Wel, dit is reg so – solank jy opreg is, is jou aanbidding ewe aanvaarbaar voor God”?

Nee, Hy het nie. Jesus het eerder die noodsaaklikheid beklemtoon dat aanbidding op die waarheid gegrond moet wees, nie net in ons bedoeling nie en vir haar gesê: “Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid” (Johannes 4:23-24).

Ons moet nie net begeer om God opreg te aanbid nie – nie net met goeie bedoelings nie – maar ook om Hom in waarheid te aanbid, want die waarheid *maak saak.*

**Heidense verlede**

Kom ons vra dus opnuut en eerlik: Is Kersfees 'n heidense vakansiedag?

Indien ons hierdie vraag beantwoord op grond van die oorsprong van die dag, is die antwoord beslis “Ja”, want die oorsprong van Kersfees as 'n vakansiedag – die tydsberekening, die tradisies en die antieke gebruike – is onmiskenbaar heidens.

Kom ons dink 'n oomblik hieroor na: Wat *beteken dit* om heidens te wees? Mense gebruik immers vandag daardie woord taamlik onverskillig. Trouens, daar is 'n toenemende beweging van “neo-heidendom”, wat dr. Douglas S. Winnail breedvoerig bespreek het in die *Wêreld van Môre*-tydskrifartikel, *“Die totstandkoming van moderne heidendom”* (November-Desember 2020); wat u aanlyn kan lees by wvm.co.za.

Soos *Merriam-Webster.com* dit definieer, beteken “heidens” in ons konteks, “van, verband hou met, of die eienskappe het van heidene” en wat aan ons vertel word, “aanhangers is van 'n politeïstiese godsdiens (soos in antieke Rome)”. In wese verteenwoordig heidendom daardie godsdienste en kultiese praktyke waarvan die oorsprong buite die drie godsdienste is wat tradisioneel met die patriarg Abraham geassosieer word, wat Judaïsme, Islam en Christendom is.

Aan die hand van daardie definisie van “heidens”, kan daar geen twyfel bestaan dat Kersfees en die meeste van sy tradisies deur en deur 'n heidense oorsprong het nie. Om 'n Kersboom te versier, steekpalms op te hang, Kersliedere te sing, 'n takkie mistel strategies te plaas – selfs om byeen te kom met die doel om geskenke uit te ruil – al hierdie gebruike se oorsprong is geleë in heidense gebruike en aanbiddingstradisies, waarvan baie daarvan lank voor die Christendom reeds in gebruik was.

Mistel word byvoorbeeld geassosieer met die Romeinse vrugbaarheidsrituele en Frigga, die Noorse godin van liefde en wellus. Die tydsberekening van Kersfees stem nie ooreen met die werklike tydsberekening van Jesus se geboorte nie – wat waarskynlik in die herfs was, nie in die winter nie, soos ons gratis studiegids *Is Kersfees Christelik?* in detail verduidelik – maar stem ooreen met die nakoming van die heidense Romeinse Saturnalia en sonaanbidding. *Britannica* merk die volgende op:

> “In die 3de eeu het die Romeinse Ryk, wat destyds nie die Christendom aangeneem het nie, die hergeboorte van die Onoorwonne Son (Sol Invictus) op 25 Desember gevier. Hierdie vakansie het nie net die terugkeer van langer dae na die wintersonstilstand aangedui nie, maar het ook gevolg op die gewilde Romeinse fees met die naam Saturnalia (waartydens mense feesgevier het en geskenke uitgeruil het). Dit was ook die verjaardag van die Indo-Europese god Mithra, 'n god van lig en lojaliteit wie se kultus destyds gewild begin raak het onder Romeinse soldate” (“*Why Is Christmas in December?*” *Britannica.com*).

Wat die gewilde Kersboom betref, is dit ook 'n tradisie van buite-Bybelse oorsprong én een met 'n antieke heidense oorsprong. Trouens, ons kan

daardie oorsprong sien wat in die Skrif veroordeel word – kyk na hierdie gedeelte uit Jeremía en hou hierdie gunsteling Kersfeestradisie in gedagte:

> "So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie. Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie" (Jeremia 10:2-5).

Ons kommentaar elders in die tydskrif verduidelik in baie meer besonderhede hierdie gewilde tradisie. Ongeag of dit nou 'n beeld van Baäl vir heidense aanbidding vorm of 'n "Kersboom" versier onder die voorwendsel daarvan om God te eer, die beginsel is dieselfde. Die lys van hoe hierdie antieke, heidense gebruike verband hou met verskeie Kersfeestradisies is lank en duidelik. Trouens, die heidense oorsprong van byna *al* die mees algemene en mees geëerde Kersfeestradisies word as feite van die geskiedenis erken. Selfs die meeste hoofstroom Christene betwis nie die heidense oorsprong van Kersfeespraktyke en tydsberekening nie. U hoef nie ons woord daarvoor te neem nie – enige ensiklopedie of betroubare geskiedkundige bron sal dit as 'n feit bevestig.

In sy beroemde 1788-werk, *A Classical Dictionary*, het die geleerde John Lemprière byvoorbeeld sommige van die antieke, voor-Christelike gebruike van die heidense vakansie wat Saturnalia genoem is, opgesom: "Die viering was merkwaardig vir die vryheid wat universeel geheers het. Die slawe was toegelaat om hulle meesters belaglik te maak ... Dit was 'n gewoonte vir vriende om geskenke aan mekaar te gee, alle vyandighede is gestaak, geen misdadigers is tereggestel nie, skole is gesluit, oorlog is nooit verklaar nie, maar alles was vrolikheid, oproerigheid en losbandigheid" ("*Saturnalia*").

Klink enigiets daarvan bekend? Indien ons eerlik met onsself is, sal ons sekerlik saamstem dat dit wel so is – heel moontlik effens ongemaklik.

**Heidendom aanwesig**

Dit is duidelik dat Kersfees en die tradisies en gebruike daarvan nie bloot verband hou met heidense gebruike nie – dit is diep gevestig in heidense oorsprong. In daardie sin is Kersfees inderdaad 'n heidense vakansiedag.

Tog wonder sommige mense dalk of dit *regtig* so is? Baie mense neem aan dat hoewel verskeie aktiwiteite, vierings, tradisies en simbole in die heidendom *ontstaan* het, hulle in 'n sekere sin deur die Christendom "gedoop" is. Terwyl die steekpalm en sy rooi bessies voorheen heidense betekenis gehad het – 'n betekenis wat te vulgêr is om in 'n gesinstydskrif te beskryf – kan ons dit nou gebruik om Christus se doringkroon en die rooi bloed wat Hy vir ons sondes vergiet het, te simboliseer? Kan ons dan aflei dat Kersfees 'n heidense vakansiedag was, maar nie meer is nie?

Mense kan sekerlik gedoop word en hulle lewens kan verander. Kan heidense aanbiddingspraktyke dieselfde bekering ondergaan? Diegene wat Kersfees vier glo immers nie hulle aanbid die songod, Saturnus, Mithras, Baal of Frigga nie. Die meeste belydende Christene probeer opreg om die God van die Bybel te aanbid – spesifiek die Jesus Christus van die Bybel. Hulle mag dalk vra: *Is Christene nie vry om God en Jesus te aanbid soos ons wil nie? Maak die heidense oorsprong van Kersfees regtig saak*?

Afgesien van sentiment, is die antwoord eenvoudig: Indien ons begeer om te aanbid op 'n manier wat vir God die Vader en Jesus Christus welgevallig is – nie net wat vir ons aanvaarbaar is nie – dan ja, die heidense oorsprong van Kersfees *maak baie saak*.

Weereens, dit is nie 'n kwessie van opinie, gelukkige

herinnerings of persoonlike gevoelens nie, maar 'n kwessie van waarheid. Indien ons die waarheid wil weet oor hoe God die Vader en Jesus Christus hierdie dinge beskou, moet ons na die Bybel verwys, waar Hulle *presies* vir ons geopenbaar het wat Hulle dink. Om die waarheid te sê, Hulle gee vir ons daardie Bybel om *ons* te help om te leer om soos Hulle te dink.

Wanneer ons wel die Skrifte lees, word die waarheid van hierdie saak op 'n absoluut duidelike wyse openbaar.

Wanneer daar byvoorbeeld van heidense volke en heidense tradisies en gebruike gepraat is, het God die Israeliete *baie* duidelik beveel "dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie" (Deuteronómium 12:30-31).

*Dit is belangrik* dat ons insien dat die Bybel nie net die aanbidding van afgode of vreemde gode verbied nie. God maak dit duidelik dat Hy nie wil hê dat Sy volgelinge *Hom* op heidense maniere aanbid nie. Dit maak geen verskil indien ons sê ons aanbid nie Mithras, Saturnus of die son nie. God sê duidelik dat ons Hom *nie* "op daardie manier" aanbid – deur *heidense* tradisies te gebruik nie.

U het waarskynlik 'n baie soortgelyke opdrag in Jeremia 10 opgemerk, waarin God duidelik sê: "Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie" (vers 2). Met "heidene" verwys God bloot na volke wat nie van die nasie Israel is nie. Die Bybelse opdragte van God laat eenvoudig geen ruimte vir ons om tot die gevolgtrekking te kom dat Hy aanbidding aanvaar deur van ander mense se praktyke gebruik te maak nie – selfs al is dit tot Hom gerig.

**Wat het Jesus gesê?**

Dit is egter die *Ou* Testament en sommige mense mag dalk redeneer dat Jesus dit alles kom verander het. Tog weereens, as ons ons na Sy *werklike* leerstellings wend – wat vir alle tye in my Bybel en in u Bybel opgeteken is – vind ons dat dit glad nie is hoe Hy oor hierdie dinge dink nie.

Trouens, Jesus het juis hierdie punt voor Sy dissipels en die Joodse leiers van Sy tyd aangespreek. Die eerste-eeuse Fariseërs het geglo dat hulle tradisies op die Skrif gebaseer is en dat hierdie tradisies God dien. Tog het Jesus vir hulle gesê dat hulle sogenaamde vrome tradisies eintlik God se opdragte oortree en dit veroordeel moes word:

> "En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:6-9).

Om voort te gaan met die tradisie om Kersfees te vier – die boom, die geskenke, selfs die datum – moet mens die Gebod van God verwerp. Hy sê duidelik dat Hy *nie* deur middel van heidense gebruike aanbid wil *word* nie. Wanneer ons Kersfees vier word *vereis* dat ons God se begeertes en uitdruklike opdragte tersyde stel. Jesus Christus, die Seun van God en die grondlegger van die Christendom, veroordeel dit in geen onsekere terme nie.

Die Bybel sê dat God nie met heidense tradisies aanbid wil word nie en Jesus noem ons skynheilig indien ons God se opdragte tersyde stel om Hom op ons eie maniere te aanbid. Die idee om deur Jesus Christus, die Seun van God, as 'n huigelaar bestempel te word, behoort dit koue rillings teen die ruggraat af te stuur vir enigeen wat hulleself Christene noem. Byna 2,000 jaar gelede het Jesus diegene veroordeel wat dit sou waag om Hom "Here" te noem, terwyl hulle Sy opdragte geïgnoreer het en hulle uitgedaag deur te vra: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Die bewyse is duidelik: Kersfees is 'n heidense vakan-

*Vervolg op bladsy 26*

# O Kanada: Pandemiese afname in geboortes

## Deur Michael Heykoop

**Namate 'n groot deel van die wêreld ingeperk was** ten gunste van om in "14 dae die kurwe af te plat", het baie mense voorspel dat ons hospitale nege maande later hulle kapasiteit op die mees positiewe maniere sou bereik as gevolg van 'n baba-geboortegolf wat deur die inperking veroorsaak is. Die logika het daaroor gegaan dat meer tyd wat binnenshuis saam met spesifieke mense deurgebring word tot 'n broodnodige styging in geboortesyfers sou lei. Nou is die getalle bekend en ongelukkig was die voorspelde baba-geboortegolf 'n totale skrikwekkende afname in geboortes.

Baie van die ontwikkelde lande wankel al dekades lank op die afgrond van demografiese rampe, aangesien geboortesyfers tot skokkende lae vlakke gedaal het. Die vervangingsvlak vir bevolkingsgroei word dikwels aangehaal as 2,1 kinders per vrou – dit is die gemiddelde aantal kinders wat vir elke vrou gebore behoort te word om 'n land se bevolking in stand te kan hou. Enigiets minder as daardie getal, sal die bevolking laat afneem tensy dit deur verhoogde immigrasie geneutraliseer word. 'n Nasie kan nie wegkruip vir demografie nie; die gevolge kan vir 'n tyd lank beperk word, maar uiteindelik sal die getalle gevolge hê wat aangespreek behoort te word.

Vanaf 2019 was Kanada meer as 'n halwe kind tekort met 1,47 kinders per vrou. 'n Baba-geboortegolf is presies wat die demograaf aanbeveel het. Heel moontlik sal 'n baba-geboortegolf 'n silwer randjie bied aan die ontelbare uitdagings van die pandemie en sal dit die gety van ons demografiese ondergang stuit. Die probleem kan nie opgelos word deur 'n ommeswaai van een jaar en 'n kort styging in geboortes nie, maar 'n pandemie-verwante baba-geboortegolf kon 'n hupstoot in die regte rigting gegee het. Ongelukkig het die teenoorge-stelde van wat baie mense voorspel het, die werklikheid geword en daar was 'n verbysterende *afname in babageboor-tes.*

**'n Krisis wat stilweg toeneem**

In 2006 het Mark Steyn alarm gemaak in 'n artikel wat in die *Maclean's*-tydskrif verskyn het:

> Die uitstaande kenmerk van Europa, Kanada, Japan en Rusland is dat hulle 'n tekort aan babas het. Wat in die ontwikkelde wêreld gebeur, is een van die vinnigste demografiese evolusies in die geskiedenis … Demografiese agteruitgang en die onvolhoubaarheid van die sosiaal-demokratiese staat is nou verwant ("*The future belongs to Islam,*" *Maclean's*, 20 Oktober 2006).

Die probleem het nie oornag ontstaan nie, maar is eerder al vir dekades lank aan die toeneem.

Ten spyte van 'n paar skommelings, is die totale vrugbaarheidsyfer in Kanada reeds vir meer as 40 jaar onder die vervangingsvlak. Trouens, 1971 was die laaste jaar waartydens die vervangingsvlak van vrugbaarheid van 2,1 kinders per vrou bereik is – wat beteken dat paartjies gemiddeld genoeg kinders opgelewer het om hulleself te vervang ("*Fertility: Fewer children, older moms*," *Statistics Canada*, 17 Mei 2018).

Hierdie probleem word aansienlik vererger deur die geweldige skuld wat nasies besig is om op te hoop om die gevolge van die huidige pandemie te bekamp. 'n Nasie se skuld word dikwels beskryf as 'n las wat na toekomstige geslagte oorgedra word. Hierdie gevolge van verhoogde skuld word net vergroot wan-

neer 'n toenemende persentasie van die bevolking aftree en nie vervang word met 'n voldoende aantal jongmense wat die arbeidsmag betree nie – die skuldbedrag vir elke werker neem dramaties toe.

**Bly wiegies leeg?**
Kanada se bevolkingsgroei het glad nie toegeneem tydens die pandemie nie – om die waarheid te sê, dit het aansienlik afgeneem en tot sy laagste vlak gedaal sedert 1946. Volgens die CBC het baie Kanadese verkies om 'n hondjie aan te neem, eerder as om hierdie geleentheid te gebruik om met 'n gesin te begin of uit te brei. Hoe lojaal en oulik hondjies ook al mag wees, sal hulle nie Kanada se arbeidstekort wat voor die deur lê kan verander nie.

Waarom het meer alleentyd saam nie 'n baba-geboortegolf meegebring nie? Finansies is 'n groot faktor vir baie huishoudings, gepaardgaande met die onsekerheid van ons tyd. Die *National Post* het 'n interessante verandering in gedrag aangemeld wat tydens die pandemie waargeneem is:

> Die maatskappy wat ovulasie- en swangerskaptoetse doen, *Stix,* het tydens 'n beperkte opname bevind dat 56 persent van kliënte wat gedurende die maande van Maart en April 2020 toetse gekoop het, probeer het om *nie* swanger te raak nie, in vergelyking met die tyd vóór COVID, toe die meerderheid mense probeer het om met 'n gesin te begin of uit te brei (“*The baby bust is here: Birth rates are falling despite our close quarters,*” *National Post*, 8 Maart 2021).

Die Verenigde State was een van die min Westerse nasies wat die afgelope dekades 'n positiewe groeikoers gehandhaaf het, maar die pandemie onderdruk ook die geboortesyfer daar. Die *Brookings Institution* berig dat daar in die V.S.A 300,000 tot 500,000 minder geboortes in 2021 as in 2020 plaasgevind het.

Hierdie demografiese tydbom is nie eksklusief aan die Wes-te nie. China, met die digste bevolking op aarde, het die gevare van dalende geboortesyfers ook agtergekom:

> Ontleders skat dat dié land se arbeidsmag 35 miljoen werkers oor die volgende vyf jaar sal verloor en dat die aantal burgers wat vir aftrede in aanmerking kom, gedurende dieselfde tydperk tot meer as 300 miljoen burgers sal styg. Dit is byna soveel soos die hele bevolking van die Verenigde State (“*China to Raise Retirement Age to Offset Funding Shortfall,*” *VOA News*, 17 Maart 2021).

In 2016 het China sy dekades lange een-kind-beleid beëindig ten gunste van 'n twee-kind-beperking. Hierdie verandering het nogtans nie tot 'n groot genoeg toename in geboortes gelei nie, dus is die perk in 2021 tot drie kinders verhoog.

Nasies wat 'n demografiese krisis in die gesig staar, sal die kwessie moet aanspreek deur beleidsveranderings in een of ander vorm. Wettige immigrasie het geskiedkundig gehelp om bevolkingsgroei in Westerse lande te ondersteun, maar het aansienlik afgeneem tydens die pandemie as gevolg van reisbeperkings – selfs terwyl onwettige immigrasie bestendig gebly of toegeneem het. Immigrasiebeleid kan 'n uiters politieke onderwerp wees en dalende geboortesyfers sal net groter fokus op 'n reeds komplekse en verdelende onderwerp vestig. Daar bestaan geen twyfel dat demografiese verandering 'n dryfkrag agter beleidsbesluite oor immigrasie, besteding en belasting in die komende jare sal wees nie.

**Besig om te vervaag – is daar hoop?**
Die profeet Hosea was geïnspireer om 'n gepaste beskrywing te gee aan wat ons in baie Westerse nasies sien afspeel. Die Bybelse aartsvader Jakob, het twaalf seuns gehad en aan een van daardie seuns, Josef, is 'n groter seën gegee, wat weer aan sy eie seuns, Efraim en Manasse, oorgedra sou word. Die *Wêreld van Môre* het lank reeds die moderne Manasse geïdentifiseer as die Verenigde State en Efraim as die Britse volke, met inbegrip van

***Vervolg op bladsy 22***

# AUKUS: Bondgenootskap van broeders?

## Deur Timothy Mager

***Namate die Wêreld op die nuwe sekuriteitsvennootskap tussen Australië, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State reageer, ontbreek dit die meeste mense aan die kennis van die diep gewortelde verbintenis tussen hierdie lande.***

Met toenemende Chinese militêre teenwoordigheid in die Asiatiese Stille Oseaan en die Suid-Chinese See, het Australië se gevoel van nasionale veiligheid toenemend bedreig geraak. Weens 'n gebrek aan die ekonomie of mannekrag om homself effektief sonder hulp te verdedig – terwyl China probeer om die streek as 'n opkomende supermoondheid te oorheers – het Australië probeer om alliansies buite die streek te skep en uit te brei. Een hoofresultaat van hierdie poging is op 16 September 2021 verwesenlik toe die Amerikaanse president Joe Biden aangekondig het dat 'n nuwe veiligheidsvennootskap tussen Australië, die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. gevorm sal word. Dit is AUKUS "gedoop" ("*AUKUS: UK, US and Australia pact signals Asia-Pacific power shift,*" *BBC,* 16 September 2021). Hierdie nuwe alliansie sal Australië se nasionale veiligheid aansienlik versterk, aangesien die V.S. en die V.K. 'n belangrike bydrae sal lewer op die gebied van tegnologiese infrastruktuur en intelligensie tot 'n nasie wat 'n toenemende Chinese bedreiging in die gesig staar.

Australië sal kruismissiele en insig in kwantumtegnologie bekom en kernaangedrewe duikbote sal in Adelaide, Suid-Australië, vervaardig word. Die *Osborne Naval Shipyard* sal die primêre gebied vir produksie wees. Dit is 'n belangrike stap vir Adelaide, 'n stad wat geskiedkundig nie 'n groot rol op die wêreldtoneel gespeel het nie. Die V.S. en die V.K. sal konsultasie- en kwaliteitbeheerleiding aan vervaardigers in Adelaide verskaf namate tegnologiese kennis oorgedra word.

Waarom is dit so belangrik? Een van die belangrikste redes is dat "kernduikbote baie meer geheimsinnig te werk kan gaan as konvensionele duikbote – hulle funksioneer baie stil, kan maklik beweeg en is moeiliker om op te spoor. Minstens agt duikbote sal ondersteun word, hoewel dit nie duidelik is wanneer hulle ontplooi sal word nie. Die proses sal langer neem weens 'n gebrek aan kern-infrastruktuur in Australië. Hulle sal slegs met kernreaktors aangedryf word eerder as om as kernwapens gebruik te word".

### Tekens van 'n nuwe wêreldorde?

Teenreaksies van bondgenote en vyande het vinnig op die AUKUS-ooreenkoms gevolg. Frankryk met wie Australië 'n 2016-duikbootkontrak van $90 miljard gekanselleer het om die AUKUS-ooreenkoms moontlik te maak, is briesend oor die nuus. Die Franse minister van Buitelandse Sake, Jean-Yves Le Drian, het AUKUS as 'n "rugsteker" bestempel en gesê dat Australië hulle vertroue geskend het ("'*Stab in the back': French fury as Australia scraps submarine deal*," *The Guardian*, 16 September 2021).

Sommige mense sien die ooreenkoms as 'n poging van die V.S. om bondgenote se vertroue te herwin ná sy omstrede onttrekking uit Afghanistan. Leiers van die V.K. dring daarop aan dat dit nie bedoel was om Frankryk – wat 'n gewaardeerde en noue militêre bondgenoot bly – uit te daag nie. Tog het Frankryk die ooreenkoms as 'n aanval geïnterpreteer en aanvanklik met diplomatieke aggressie gereageer en sy ambassadeurs aan die Verenigde State en Australië na Parys teruggeroep voordat hulle weer vinnig ontplooi is ("*Furious Over Sub Deal, France Recalls Ambassadors to U.S. and Australia*," *The New York Times*, 17 September 2021).

Australië het teruggekap op Franse beskuldigings en gesê dat hulle altyd hul eie nasionale

belang eerste sal stel en ernstige kommer uitgespreek dat ouer dieselaangedrewe duikboottegnologie nie voldoende sal wees om nasionale grense te verdedig nie ("*Australia had deep and grave concerns about French submarine's capabilities, PM says*," *CNN,* 19 September 2021).

China het die ooreenkoms 'n militêre bedreiging genoem wat gelykstaande is aan die Koue Oorlog en het AUKUS gewaarsku dat dit sy eie belange skade sal berokken. Alhoewel die V.S. en die V.K. herhaaldelik verklaar het dat hierdie alliansie nie 'n bedreiging vir China is nie, is sommige mense nie so oortuig daarvan nie.

Die Chinese Kommunistiese Party sien hierdie stap as 'n indirekte teenaanval teen sy ambisie om 'n sterker militêre benadering teen Taiwan te volg – 'n klein eilandjie wat die vasteland van China teenstaan en gerugsteun word deur sterk Amerikaanse militêre steun. Theresa May, die voormalige V.K. premier, het kommer uitgespreek dat hierdie ooreenkoms Brittanje in 'n aggressiewe oorlog sou insleep indien hulle Taiwan teen China verdedig. Die Britse premier, Boris Johnson, is voorbereid om Taiwan te verdedig indien internasionale reg bedreig word. Hy het 'n direkte waarskuwing aan die Chinese regering gegee ("*Aukus pact: UK and US battle to contain international backlash*," *The Guardian,* 16 September 2021).

Die woordvoerder van die Chinese Ministerie van Buitelandse Sake, Zhao Lijian, het laat deurskemer dat die Chinese regering dalk vir Australië kan beskuldig van die oortreding van sy verbintenis ingevolge die Verdrag van Rarotonga, wat die vervaardiging, besit of verkryging van kernwapens verbied ("*China howls at perceived threat of new 'AUKUS' agreement*," *Politico*, 16 September 2021).

In reaksie op hierdie dreigemente het Australië se Minister van Verdediging aan joernaliste gesê: "Dit is nie die eerste keer dat ons verskillende uitbarstings van China in terme van Australië se posisie sien nie. Ons is 'n trotse demokrasie in ons streek. Ons staan saam met ons bure in die Indiese Oseaan om blywende vrede te verseker en hierdie samewerking maak dit 'n veiliger streek. Dit is die werklikheid en geen hoeveelheid propaganda kan die feite verontagsaam nie" (*The Guardian*).

AUKUS sal Australië slegs die sewende nasie ter wêreld maak wat kernaangedrewe duikbote besit. Dit stem ooreenstem met die vermoë wat reeds deur China (*BBC*) besit word. Die duikbote kan tot vyf maande onder water bly en is moeiliker om op te spoor as konvensionele diesel-ekwivalente. Dit sal ook die V.S en die V.K. in staat sal stel om 'n groter teenwoordigheid in die streek van die Asiatiese Stille Oseaan te verkry.

Om enige veronderstelde bedreiging in perspektief te plaas, sou die eerste kernkragduikbote nie voor die vroegste in 2040 in Adelaide gebou word nie. Intussen kan V.S. en Britse duikbote vanaf Darwin in Noord-Australië gelanseer word om Suidoos-Asiatiese aktiwiteit te monitor ("*The nuclear technology behind Australia's Aukus submarine deal*," *Financial Times*, 19 September 2021).

Brittanje is op soek na nuwe alliansies nadat hulle die Europese Unie verlaat het en kundiges hou voet by stuk dat die V.K. en Frankryk sleutelpilare van 'n Europese veiligheidsorde sal wees. Die V.S. probeer om deur hierdie alliansie 'n vastrapplek in die Europese nasionale veiligheidstelsel te behou. Sal hierdie drie nasies – die V.K., die V.S. en Australië – egter 'n sterk alliansie as 'n groep wêreldleidende nasies kan handhaaf?

## Die toekoms van huidige wêreld-alliansies

Die *Wêreld van Môre* erken dat die Verenigde State en mense van Britse afkoms hulle oorsprong in die Israelitiese stamme van Manasse en Efraim het. Daar kom 'n tyd wanneer hierdie nasies nie in staat sal wees om hulle krag te behou nie; hulle sal God se Goddelike beskerming verloor en gevange geneem word deur 'n toekomstige Europese supermoondheid wat baie nasies tot onderwerping sal bring. Die profeet Eségiël is geïnspireer om te skryf: "Want so sê die Here HERE: Kyk, Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jy haat, in die hand van hulle

van wie jou siel vervreemd geraak het. En hulle sal jou as vyand behandel en al jou goed wegneem en jou naak en bloot laat staan, sodat jou ontugtige skaamte ontbloot kan word. Ja, jou skandelike dade en jou hoererye" (Eségiël 23:28-29).

AUKUS lyk dalk soos 'n alliansie wat 'n leeftyd sal hou – baie soos die 1949-vorming van NAVO (Noord-Amerikaanse Verdragsorganisasie) en die 1951-stigting van ANZUS (Australië, Nieu-Seeland en Verenigde State se Veiligheidsverdrag). Omdat ons hedendaagse Israelitiese nasies hulle egter nie van hulle sondes bekeer het nie, kom daar 'n tyd waarna die Bybel verwys as "benoudheid vir Jakob" (Jeremia 30:7). Hewige druk van Frankryk en China mag dalk verdere geografiese spanning in die Asiatiese Stille Oseaan en Europa veroorsaak. Alhoewel moderne Israelitiese nasies nog die mees verwoestende tydperk in hulle geskiedenis in die gesig staar, sal God hulle uiteindelik van algehele uitwissing red.

Dit is nodig dat ons Jesus Christus se vermaning deeglik in gedagte hou om onsself voor te berei vir die vinnig naderende Koninkryk van God, wat alle wêreldregerings en alliansies sal vervang, ongeag hoe klein of hoe groot hulle is. Christus het aan Sy dissipels gesê: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Armageddon en daarna

***Die mensdom ontwikkel nuwe en meer vreesaanjaende tegnologie waarmee hulle hulleself kan vernietig, terwyl politieke en sosiale spanning wêreldwyd toeneem. Sal die jare in die nabye toekoms wêreldwye kernvernietiging bring, of sal dit 'n era van permanente vrede inlui?***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

***Vervolg vanaf bladsy 21 – GROEN BOME EN JESUS***

alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (Deuteronómium 12:29-32).

God het noukeurig uiteengesit hoe Hy aanbid wil word, maar die mensdom – onder die mag van Satan, die god van hierdie wêreld (2 Korinthiërs 4:4) – het daardie aanbidding verdraai, die naam van Jesus Christus geroof en 'n vervalste godsdiens geskep. Om u oë te laat oopgaan vir wat in heidense vakansietradisies verskuil is, bestel ons gratis boekie *Satan se Vervalste Christendom* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. WvM

# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# GROEN BOME EN JESUS

## Deur Gary Ehman

Met 'n terugblik oor die jare, raak dit al hoe duideliker dat die gaping tussen wat die Bybel vir ons sê om te doen en wat die sogenaamde volgelinge daarvan *werklik* doen, byna belaglike afmetings aangeneem het.

God het as voorbeeld hiervan Sy volk duidelik opdrag gegee om nie die weë van die heidense mense na te volg wat voorheen in die Beloofde Land gewoon het nie, veral wat betref die kwessie van die aanbidding van hulle gode. Hy het uitdruklik verklaar dat hulle nie die perverse manier van aanbidding op Hom sal toepas nie.

Let op Sy bevele: "Julle moet terdeë verniel al die plekke waar die nasies wat julle gaan verdrywe, hulle gode gedien het op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom ... So mag julle nie doen met die HERE julle God nie" (Deuteronómium 12:2-4).

Daar is aan hulle opdrag gegee om ontslae te raak van heidense plekke van aanbidding op berge, op heuwels en "onder elke groen boom". Interessant genoeg gebruik die Bybel hierdie term op tien plekke en elke geval verwys na heidense gebruike, rituele en verwronge optredes van heidense aanbidding wat deur die Israeliete beoefen is (vergelyk 1 Konings 14:23; 2 Konings 16:4; 17:10; 2 Kronieke 28:4; Jesaja 57:5; Jeremia 2:20; 3:6, 13; Eségiël 6:13).

**Die valse "god" van Kersfees**

Wat is die groot probleem met heidense gebruike in vandag se moderne, verligte wêreld? Gee God regtig om dat die belydende Christelike kerk die heidense aanbidding "gesuiwer" het? Hulle doen dit immers om Jesus te eer, nie waar nie?

Die geskiedkundige opnames is duidelik. Hier is net een van honderde gedokumenteerde heidense praktyke:

> Attis het homself na bewering onder 'n denneboom vermink en het op die plek doodgebloei ... Na sy dood het Attis na bewering in 'n denneboom verander ... [In aanbiddingspraktyke] is 'n denneboom in die bos afgekap en in die heiligdom van Cybele gebring, waar dit as 'n groot godheid beskou is ... Opgesweep deur die wilde barbaarse musiek ... het hulle hul liggame met potskerwe of met messe gesny ten einde hulle vloeiende bloed op die altaar en die heilige boom te laat spat (Sir James George Frazer, "*The Myth and Ritual of Attis*," *The Golden Bough*, 1922).

Soos die geskiedkundige optekeninge aandui, het Attis se bloedige optrede onder 'n immergroen boom, tesame met die herhaling daarvan deur Attis-aanbidders, die heidendom van sy seisoenale rooi en groen versierings voorsien.

Dit is voor die hand liggend dat "groen bome" en die godsdienstige rituele wat daaronder plaasgevind het vir God baie saak gemaak het. Geen assosiasie tussen die kersboom met sy ellendige ryk heidense oorsprong en Jesus Christus word in die Bybel gevind nie. Trouens, geen aspek van Kersfees met sy tradisies van misteltakkies, steekpalm, kerskranse, dennetakkies (almal groen en rooi wat die kleur van bloed aksentueer), uitruil van geskenke, gefuif en die viering van 25 Desember (die tyd van die wintersonstilstand) word nêrens op enige plek in God se Woord gevind nie – behalwe miskien, in die verwysing na heidene wat hulle gode "onder elke groen boom" dien.

**Die ware God van die Bybel**

Wat God *wel* in Sy Woord laat opteken het, is duidelik: "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want

*Vervolg op bladsy 20*

*Vervolg vanaf bladsy 16 – Pandemiese afname in geboortes*

Engeland, Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Hoséa het direk aan hierdie eindtydse afstammelinge van Efraim geskryf: "Vreemdes verteer sy krag, en hy bemerk dit nie; ook is grysheid oor hom uitgesprei, en hy weet dit nie" (Hoséa 7:9).

Kanada en ander nasies staar geweldige demografiese uitdagings in die gesig, maar tree tog op asof daar gladnie sulke probleme op die horison is nie. Hierdie probleme kan nie geïgnoreer word nie en sal regerings se beleid en optrede vorm namate die uitwerking daarvan duideliker word. Vir verdere ontleding van die probleem van bevolkingsafname, kyk na Stuart Wachowicz se *Tomorrow's World*-uitsending "*Fewer Babies: Population in Decline*," wat vrylik beskikbaar is by *TWCanada.org*. WvM


# Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

***Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?***

***Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!


*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

Die apostel Johannes het ons teen Kain se gesindheid gewaarsku en skryf: "Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig" (1 Johannes 3:11-12).

In teenstelling daarmee bly Abel se regverdige dade nog tot vandag toe 'n herdenking: "Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde *geloof* spreek hy nog nadat hy dood is" (Hebreërs 11:4).

Christene word geroep om soos Abel gehoorsaam en regverdig te wees, nie opstandig en kwaad soos Kain nie. Hulle behoort God en Sy weë *lief te hê* en Hom gewillig te gehoorsaam, eerder as om gegrief te wees om onder Sy bevele te leef. Ongelukkig is daar 'n mate van Kain se gesindheid in elke gedagte wat nog nie volkome aan God onderwerp is nie, maar gelukkig het God Sy Seun as 'n offer vir ons gegee. Indien ons Christus se offer aanvaar en ons van ons sondes bekeer, kan ons God behaag soos Abel gedoen het en met die hulp van Sy Heilige Gees kan ons die regverdige lewens lei wat God van ons verlang. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Watter lesse kan ons uit Kain se ernstige sonde leer?

**Vraag:** Wat het Kain aangespoor om sy broer Abel te vermoor volgens Génesis 4?

**Antwoord:** Alhoewel Kain bekend is as die eerste moordenaar omdat hy sy broer Abel doodgemaak het, was sy ontevredenheid fundamenteel met God.

Die broers se ouers, Adam en Eva – die eerste mense – is uit die tuin van Eden verban nadat hulle die verbode vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad geëet het en ongehoorsaam was aan God se opdrag. "Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is" (Génesis 3:22-23).

Nadat God Kain se ouers uit Eden verban het, het Hy 'n vloek uitgespreek: "En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (verse 17-19).

Voordat hulle gesondig het het Adam en Eva nie nodig gehad om vir hulle lewensonderhoud te swoeg nie. Kain en Abel moes egter van die begin af hard werk om produktief te wees. Abel het as 'n skaapherder gewerk, terwyl sy ouer broer Kain 'n landbouer was en oeste van die grond af versorg het (Génesis 4:2).

**Moord begin in die hart**

Wanneer God 'n offerande vereis het, het Abel van "die eersgeborenes van sy kleinvee ... naamlik van hulle vet" gebring (vers 4). Deur die eersgeborenes van sy kudde as offer te bring, het Abel se offer die voorbeeld gestel van Jesus Christus se offer vir die hele mensdom. Kain, daarenteen, het bloot "van die vrugte van die land aan die HERE [as] 'n offer" gebring (vers 3).

Hoe het God reageer? "En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien,
maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang" (verse 4-5). God het nie Kain se offer aanvaar nie. God het Kain sélf egter nie verwerp nie; Hy het vir Kain gesê dat Hy inderdaad 'n gepaste offer sou aanvaar het (vers 7).

God het Kain gewaarsku om oor sy sondige drange te heers; tog het hy kwaad gebly en in sy toorn sy broer Abel, wat God behaag het, doodgeslaan (vers 8).

**God verlang barmhartigheid en gehoorsaamheid**

Watter lesse behoort ons hieruit te leer? Dit was Kain se *gesindheid* wat sy offer onaanvaarbaar gemaak het; sy werklike probleem was in sy hart. God, wat Kain se opstandige en onboetvaardige gesindheid bespeur het, het die offer verwerp. God het immers duidelik gesê: "Want ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie" (Hoséa 6:6; Matthéüs 9:13). Kain met 'n moorddadige hart – kwaad omdat sy regverdige broer se offer aangeneem is – het aan die genade asook die gehoorsaamheid ontbreek wat God van hom verlang het.

*Vervolg op bladsy 22*

# Dit is Londen wat roep

## Die Mayflower: Die skip wat 'n ryk laat ontstaan het

**Deur Peter G. Nathan**

***Vierhonderd jaar gelede het die Mayflower na sy bestemming in 'n nuwe land gevaar! Sy reis het die wêreld op wyses verander wat baie min mense herken.***

In Julie 1620 het 65 passasiers toegekyk toe hulle kaptein bevel gegee het dat die ankertoue losgemaak moes word en hoe hulle skip wegdryf in die stygende getygolf van die Teemsrivier. Hulle klein handelskippie van hout, die *Mayflower*, het uitgevaar na die Nuwe Wêreld, met passasiers wat gevlug het van vervolging deur die gevestigde kerk van Engeland. Hierdie avonturiers, wat ons vandag die Pelgrims noem, het weggeseil met die hoop om 'n nuwe kolonie te stig, vry van godsdienstige onderdrukking, waar hulle God kon aanbid volgens hulle begrip van die Skrif. Hulle was 'n hegte groep wat mekaar "heiliges" genoem het en ander mense, "vreemdelinge".

Die eerste hawe waar hulle aangedoen het, was Southampton aan die suidkus van Engeland, waar hulle aanvanklik beplan het om 'n ander skip te ontmoet wat nóg 40 passasiers vanaf Leiden in Holland, vervoer het. As gevolg van probleme met daardie skip, was die 40 reisigers egter gedwing om aan boord van die *Mayflower* te gaan, wat toe alleen weggevaar het om oor die Atlantiese Oseaan te seil. Gesamentlik het 102 passasiers en 30 bemanningslede, 66 dae op 'n skip deurgebring wat skaars 30 meter lank was en geteister was deur westewinde en sterk seestrome. Hoewel hulle vir Virginia gemik het, het die skip baie verder noord, die land bereik, in Plymouth, wat Massachusetts geword het.

Die verhaal van die *Mayflower,* wat 400 jaar gelede in Julie begin het, het 'n verhaal geword wat die Amerikaanse geskiedenis versinnebeeld. Kan dit egter 'n groter onderliggende betekenis hê as wat ooglopend is? Waarom het Brittanje en Amerika die wêreldgeskiedenis so kragtig oorheers in die moderne era? Was dit God se bedoeling? Baie mense sien die opkoms van Brittanje en Amerika as 'n raaisel. Hoe kan daardie geheim verduidelik word? Watter rol speel die Bybel en Bybelprofesie om antwoorde te voorsien?

**Herdenking of veroordeling?**

vir 'n herdenking van hierdie geleentheid is voorberei wat vier hoofdeelnemers ingesluit het: Nederland, die Verenigde Koninkryk, Die Verenigde State en die Wampanoag-nasie van inheemse Amerikaners [Een van die Indiaanse-stamme]. Laasgenoemde twee het inligting op hulle *Plymouth 400inc.org webwerf* beskikbaar gestel en die Nederlandse herdenking is aanlyn beskikbaar op *Mayflower400Leiden.com*. In die VK het die webwerf, *Mayflower400uk.org* egter teenkanting van die Nasionale Onderwys-unie uitgelok, wat beweer dat die *Mayflower* 400-organisasie, koloniale grondvergrype en slawerny verheerlik. Opvoedkundiges het 'n oproep gedoen om die herdenking te boikot en om die webgebaseerde studiemateriaal te verwyder.

Gegewe hierdie geskil, behoort ons nie verbaas te wees as die VK, weinig of wesenlik géén dekking van hierdie herdenking van die Pelgrims se reis te siene kry nie. Dit is egter interessant dat, indien ons 'n bietjie dieper delf, ons sal sien dat die fundamentele ongemak met hierdie gebeurtenis, neerkom op 'n onvermoë om 'n belangrike verborgenheid met betrekking tot die Engelssprekende wêreld te verstaan.

**Nie die eerste nie, waarskynlik die vernaamste**

Plymouth was nie die eerste

permanente Europese kolonie in die Amerikas nie. Jamestown in die suide, is 13 jaar vroeër in 1607 gevestig. Die Pelgrims se kolonie het egter 'n maatstaf geword vanweë die feit dat die redes vir hulle migrasie, baie dieperliggend was as net om handel te dryf. Hulle *Mayflower-verdrag* het 'n voorlopige regeringsvorm gevestig op grond van hulle begrip van die Bybel. Daardie ideale sou help om 'n volk te vorm wat nog gebore moes word.

Die Pelgrims se sukses het verreikende gevolge gehad. Ander nedersettings het gevolg ná die een by Plymouth, wat uiteindelik gelei het tot die vestiging van die 13 kolonies wat die Verenigde State van Amerika sou word. Hierdie was egter nie die einde van die Britse koloniale uitbreiding nie. Byna twee eeue later is nog 'n vlaag van aktiwiteite gesien. Australië is in 1788 deur Brittanje gevestig. Die Kaapkolonie, wat deel uitmaak van die hedendaagse Suid-Afrika, is in 1795 deur die Nederlanders oorgeneem om die roete na Indië te beskerm teen die rooftogte van Napoleon. Daarna is Nieu-Seeland in 1840 by die Britse koloniale grondgebied gevoeg.

Australië, die Kaapkolonie en Nieu-Seeland word "setlaarkolonies" genoem, byna soos gesien kan word in die "*Westward Ho!*"-ontdekkingsreise en uitbreiding van Kanada en die Verenigde State. Dieselfde kan gesê word van die Plymouth-kolonie wat vanaf die VK gevestig is. Was dit egter nét koloniale grondvergrype? Geskiedenis en die Skrif openbaar iets heeltemal anders.

In 2009 publiseer die geskiedskrywer, James Belich van die Universiteit van Victoria in Wellington, Nieu-Seeland, 'n boeiende boek, *Replenishing the Earth: The Settler Revolution and the Rise of Anglo World, 1783-1939*. Hy het daarna gestreef om die merkwaardige groei en welvaart van die Engelssprekende nasies, met inbegrip van die westelike ontwikkeling van die Verenigde State, te verstaan.

Belich het geskryf dat hy daarna streef om hierdie ontwikkeling as geskiedenis te verstaan en nie as die verborgenheid wat so baie mense voorgee dit is nie (bl. 5). Hy bevraagteken Marxistiese teorieë oor kolonialisme en ontmasker vals idees dat oorlogvoering en siekte-epidemies die belangrikste oorsake van uitbreiding was. Die setlaars van die "*Anglo-wêreld*" was nie sommer net uitbuiters of onderdrukkers nie. Hulle het die inherente rykdom van die aarde ontsluit en 'n oorvloed aan die mensdom gebied. Hy wys byvoorbeeld daarop dat die setlaars in Plymouth, jare lank baie vriendelike verhoudings met die inheemse bevolkings gehad het. Hulle hulp en samewerking het die sukses van die koloniale eksperiment moontlik gemaak.

Interessant genoeg merk Belich op dat die Engelse, stadige beginners was op die gebied van kolonialisering. Die Spanjaarde het hulle eerste kolonie gevestig meer as 'n eeu voordat die Engelse hulle in Jamestown probeer vestig het. Hy teken egter aan dat teen 1900, ongeveer 300 jaar later, Engelssprekendes die wenners van die koloniale avontuur was (bl. 27). Vir Belich was die Amerikaanse en Franse revolusies, asook die vinnige industrialisasie van Brittanje – met die doel om hulle teenkanting teen die Napoleontiese regime in Europa te handhaaf – die belangrikste katalisators vir die toename van die setlaars (bl. 555). Voedsel was nodig vir 'n geïndustrialiseerde arbeidsmag en grondstowwe was nodig vir die nywerheid self. Belich erken ook pligsgetrou die rol van stabiele regsinstellings as 'n bystand vir daardie ekonomiese groei (bl. 554).

**Verborgenheid opgelos!**

Tog is daar 'n geheimenis wat Belich nie ten volle verstaan of aanspreek nie. Hy merk op dat daar 'n tydsverloop bestaan tussen die opkoms van die Anglo-Saksiese volke in Europa in die vyfde eeu en die oorheersing van daardie volke in die negentiende en twintigste eeu (bl. 5). Hierdie datums is te ver uitmekaar om hom regtig te interesseer. Trouens hy sou dalk verbaas gewees het om te weet wat die *Wêreld van Môre*-lesers alreeds weet, naamlik dat daar 'n langer periode betrokke was – om die waarheid te sê, ongeveer 2,520 jaar. Hierdie selfde geskiedenis behoort ook die verborgenheid op te los wat die teenstanders daarvan verhoed

om die viering van die 400ste herdenking van die *Mayflower* te waardeer.

Deur bewus te wees van die betekenis van Bybelse profesieë word die geheim uit die weg geruim. Besonderhede van die rede vir hierdie tydsduur en die basis van die verborgenheid rondom die impak van die Engelssprekende volke, word in ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?,* uiteengesit. Lees dit aanlyn op *wereldvanmore.org* of vra 'n gratis gedrukte eksemplaar aan van die streekkantoor die naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Daar is 'n kragtige en verrassende faktor waarvan ons bewus behoort te wees. Die Puriteine wat vier eeue gelede na Plymouth gevaar het vanweë hulle begeerte om godsdiensvryheid te geniet, sou verbaas gewees het om te sien hoe invloedryk hulle pelgrimstog was vir die ontwikkeling van die Verenigde State en ons moderne wêreld. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Is Kersfees ’n heidense vakansiedag*

siedag, God wil nie aanbid word deur die gebruik van heidense tradisies nie en Jesus Christus veroordeel diegene as skynheilig wat God se opdragte ignoreer om tradisies van enige aard te onderhou.

**'n Beter, meer betekenisvolle manier**

Waar laat dit ons dus? Is u een van die min mense wie se harte bereid is om God te volg waar Hy en Sy Woord u ookal lei? Indien wel, weet u dat deur Sy leiding te volg en Sy bevele te gehoorsaam, *nooit* lei na 'n slegter plek nie – net na 'n beter plek.

Trouens, *baie duisende* individue regoor die wêreld het die viering van Kersfees prysgegee en eerder die Heilige Dae aangeneem wat duidelik deur die Bybel geopenbaar word soos deur God ontwerp en geïnspireer is om te onderhou vir al Sy mense. Dit is in Sy Woord opgeteken as dae wat deur Hom afgesonder is vir aanbidding, lofprysing en onderrig. Diegene wat Sabbat- en Heilige Dagdienste bywoon saam met die Lewende Kerk van God, wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif borg, sal nooit – nie vir al die geld of gerief in die wêreld – die onderhouding van daardie dae prysgee in ruil vir die vals tradisies van 'n heidense, mensgemaakte Kersfees nie.

Om Kersfees prys te gee, beteken nie om vreugde, betekenis, warmte en samesyn te laat vaar nie. Inteendeel – wanneer ons ons distansieer van bedrieglike aanloklike tradisies en gebruike wat die Bybel fundamenteel weerspreek om die *ware* Jesus Christus te volg, kan ons die groot vreugde, diepe betekenis en Christelike samesyn ervaar van diegene wat aanbid soos wat Hy amper 2,000 jaar gelede vir die vrou by die put gesê het – nie net in gees nie, maar in gees *en in waarheid.* WvM



# Is Kersfees Christelik?

***Ons sien die toneel elke jaar ... versierde bome, immergroen kerskranse en helder liggies. Somtyds is daar ’n kerstoneel in die hoek wat ’n klein kindjie uitbeeld wat ’n groot aantal geskenke kry. Nogtans word die meeste geskenke aan kinders, familie en vriende deesdae geskenk deur skuldbelaaide volwassenes wat probeer om mekaar te oortref betreffende die nuutste modegier of stokperdjie.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te bekom!

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

> van sonaanbidding, die geboortedag van die Son. *Saturnalia*, die Romeinse winterfees van 17-21 Desember, het voorsiening gemaak vir die vrolikheid, geskenke en kerse wat tipies van latere kersvakansies was ... Sommige heidense gebruike wat later gekersten is ['n daad van ongehoorsaamheid aan God, soos ons sal sien], byvoorbeeld die gebruik van kerse, wierook en sierkranse, is aanvanklik deur die Kerk vermy omdat dit die heidendom gesimboliseer het (*Eerdmans' Handbook to the History of Christianity*, *1977*, bll. 131-132).

Hierdie feite het nie veel effek op die meeste belydende Christene nie. Oom George het darem nooit beweer dat die dag iets is wat dit nie is nie. Wat is egter die nadele vir diegene wat Kersfees vier? Aangesien niemand weet wanneer Christus se geboortedag was nie, waarom dan nie sommer 'n tyd aanneem wanneer die heidene hulle god vereer het en dit 'n Christelike vakansiedag maak nie?

Daar is ten minste drie probleme wanneer dit gedoen word. Die eerste probleem is dat die beweerde betekenis van die "Kersdag" – met al sy gepaardgaande gebruike – ongetwyfeld 'n groot leuen is. Die tweede is dat God vir ons sê om *nie* gebruike van die heidene aan te neem om Hom te aanbid nie (Deuteronómium 12:29-32; Jeremia 10:1-4; vergelyk Markus 7:6-9). Die derde probleem is dat hierdie heidense vierings plaasvervangers geword het vir die dae wat *God* as heilig opsy gesit het.

**Vreugde en begrip**

Lede van die *Lewende Kerk van God*, die borg van die *Wêreld van Môre*, onderhou elke jaar gedurende September/Oktober die Huttefees. Vir baie van u mag dit dalk vreemd klink. Wie het al van "die Huttefees" gehoor? Jesus Christus het dit byvoorbeeld onderhou ten spyte van dreigemente om Hom dood te maak (Johannes 7:2-10). Wanneer Hy terugkeer om Koning oor die hele aarde te word (Sagaría 14:1, 4, 9), sal Hy *alle* nasies beveel om verteenwoordigers te stuur om dit in Jerusalem te onderhou (vers 16). Hy is só ernstig daaroor dat alle nasies hierdie Fees onderhou dat Hy enige nasie sal straf wat weier om dit te doen (verse17-19). Dit is waarskynlik nie iets wat u in enige Sondagdiens sal hoor nie, maar moenie ons woord daarvoor neem nie – soek self hierdie verse op.

Hou in gedagte dat Jesus die Huttefees onderhou het en van alle nasies sal verwag om dit te onderhou wanneer Hy terugkeer. Hou ook in gedagte dat ons nêrens in die Bybel lees van iemand wat Christus se geboortedag jaarliks gevier het nie. Ja, ons lees van Sy geboorte en deur dit te doen, sien ons dat die gewilde verhaal sedertdien deur sprokies verdraai is. Die wyse manne het opgedaag toe Jesus in 'n huis was, nie in 'n stal nie – weke of selfs maande nadat Hy gebore is (Matthéüs 2:11, 16). Hulle het geskenke gegee omdat Hy gebore is om 'n kóning te wees, *nie* omdat dit Sy verjaardag was nie. Dit en soveel meer word verduidelik in ons gratis boekie: *Is Kersfees Christelik*?

Ja, ons leef in 'n verwarde wêreld en dit geld nie net vir huidige gebeure en politiek nie. Belydende Christenskap is in 'n toestand van verwarring, wat presies is wat die Bybel voorspel. Die eerste teken wat Jesus gegee het wat "die voleinding van die wêreld" sal aandui, was 'n vals Christendom. "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom [wat Sy gesag opeis] en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matthéüs 24:3-5).

God se meesterplan vir die mensdom word versluier en vergeet wanneer selfs "Christene" heidense vierings in die plek stel van die dae wat Jesus, Sy Apostels en die vroeë Kerk gehou het. Daar is tog steeds mense wat Christus se voorbeeld volg en die Pasga, die Fees van Ongesuurde Brode, die Pinksterdag, die Fees van Basuine, die Versoendag, die Huttefees en die Laaste Groot Dag onderhou. Elke Fees verteenwoordig 'n opeenvolgende stadium in God

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

se plan vir die mensdom en elkeen is 'n vreugdevolle onderhouding van daardie stadium.

Baie mense is nuuskierig oor hierdie dae; dalk is u een van hulle. Ek persoonlik onderhou hierdie dae al vir byna 60 jaar lank saam met duisende ander Christene en was nog nooit spyt dat ek dit gedoen het nie. Die ligsinnige gebruike wat ek baie jare gelede laat vaar het, is nie waardig om vergelyk te word met die ryk betekenisvolle en vreugdevolle dae wat God gegee het nie. Indien u belangstel om meer te wete te kom oor die Bybelse Feeste en Heilige Dae, kan u 'n gratis eksemplaar van ons studiegids *Die Heilige Dae – God se meesterplan* by u streekkantoor bestel (sien die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of u kan dit aanlyn lees by *wvm.co.za*.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**